417.3 (16)

# VERKOOP VAN HUISE/WOONSTELLE OPGERIG UIT NASIONALE BEHUISINGSFONDSLENINGS

Die huidige uitgebreide verkoopsaksie ter bevordering van huiseienaarskap is op 27 November 1992 aangekondig.

'n Maksimum korting van R7 500,00 per woning kan toegestaan word aan persone wat sulke verhuurde wonings koop of aan bestaande kopers met onafgeloste lenings. Die opsie om te koop moes eerstens gebied word aan bestaande huurders. Die voordele is op 7 Desember 1993 ook uitgebrei na woonsteleenhede.

Die voordele geld vir alle gemeenskappe en word as volg toegepas.

Kortings kan slegs toegestaan word ten opsigte van die gedeeltes van eiendomspryse wat gefinansier is uit Nasionale Behuisingsfondslenings. Enige dienstegelde soos krag/wateraansluitings kwalifiseer nie vir korting nie. Dieselfde geld vir enige ander komponent van die kooppryse wat deur lenings van ander instansies gefinansier is.

1. Die voordele vir die verskillende gemeenskappe is as volg:

1.1 ***Kaya Mandi***

Koopprys van die oorblywende 20 onverkoopte huise kan so verminder word dat niks betaal hoef te word nie. Pryse van die huise beloop R2 500,00 of minder. Hierdie proses is reeds aan die gang en behoort binnekort afgehandel te word.

Die aankoop van erwe kwalifiseer ook vir 'n korting, maar slegs die gedeelte wat gefinansier is uit Nasionale Behuisingsraadfondse. Tans beloop die bedrag R400,00 tot R500,00 per erf. Die res van die koste moet deur die koper self gedra word.

1.2 ***Cloetesville/Idasvallei***

Die behuisingsvoorraad met die aankondiging was as volg:

| | **Huise** | **Woonstelle** |
|---|---|---|
| Aantal eenhede | 860 | 240 |
| Aantal verkoop | 438 | - |
| Beskikbaar | 422 | 240 |

Die voordele het gewissel tussen R1,00 en R7 500,00 per eenheid.

Slegs bestaande huise is verkoop en geen onbeboude persele nie.

Uit die 422 beskikbare wonings moet 259 nog opgemeet en/of opgegradeer word om dit verkoopbaar te maak. Die voordele vir die res van die huise word deurlopend deurgegee.

Die totale kortingvoordele toegestaan, beloop reeds R2 123 923,00.

Herbert.

1.3 *Stellenbosch*

Die aantal eenhede beskikbaar met die aankondiging in November 1992 was as volg:

| | Huise | Woonstelle |
|---|---|---|
| Aantal eenhede | 9 | 221 |
| Aantal verkoop | 9 | - |
| Beskikbaar | - | 221 |

Voordele het gewissel tussen R3 500,00 en R7 500,00.

Slegs bestaande huise is verkoop.

Die totale kortingsvoordele toegestaan, beloop R41 193,00.

1.4 *Alle gebiede*

Geen woonstelle is tot dusver te koop aangebied nie, hangende 'n ondersoek na die praktiese uitvoerbaarheid, asook die wenslikheid van die verkoop daarvan. Die voorbereidingswerk (soos opmeting, registrasie van deeltitelregisters, ensovoorts) om sulke eenhede te koop aan te bied sal tussen 10 en 12 maande duur en ongeveer R750 000,00 kos. Voordat die uitslag van 'n volledige ondersoek en die nuwe beleid van die Staat aangaande verkoop van sulke eenhede nie bekend is nie, kan so 'n lang en duur projek nie aangepak word nie.

2. Voordele toegestaan word slegs afgetrek van paaiemente op die huidige uitstaande Nasionale Behuisingsfondslenings wat deur die Raad betaal moet word. Geen addisionele geld word dus op die stadium deur die Staat aan die Raad betaal vir toestaan van die voordele nie.

3. *Verskaffing van nuwe behuising*

Plaaslike Owerhede het tot dusver nie self behuisingsontwikkeling befonds nie, maar slegs opgetree as beplanners en administreerders van sulke skemas van die Staat. Die rol van die Raad in die toekoms hang dus af van Staatsbeleid, asook kort- en langtermynbeplanning van behuisingvoorsiening, wat tans die onderwerp van 'n ondersoek is wat gesamentlik met alle belanghebbende partye gedoen word.

**ASSISTENT-STADSTESOURIER : INKOMSTE**

(H:LENINGS)

# ENKELE GEDAGTES RONDOM SKULDINVORDERINGSPROSEDURES

## 1. KONVENSIONELE METODE

Na die vervaldatum van die rekening en na 'n verdere kennisgewing, word elektrisiteitstoevoer gestaak, sonder aansiens des persoons.

Watertoevoer word ook gestaak maar eers nadat die elektrisiteitstoevoer gestaak is. Regsprosesse is nodig om 'n wanbetaler van huishuur of huurkooppaaiemente, van sy huis te ontneem.

Sosiale oorwegings word in ag geneem waar 'n persoon aansoek doen om die uitstel van betaling en definitiewe reëlings met keerdatums word met die wanbetaler getref. Geen magtiging bestaan om 'n vermindering in die gelewerde rekening toe te staan nie en dit was nog altyd as die taak van welsynsorganisasies of die Staat gesien om finansiële bystand te lewer.

## 2. VOORUITBETAALDE METERS

Van die grootste voordele met die gebruik van hierdie stelsel is dat die verbruiker in staat is om sy finansies te beplan of gedwing word om dit te doen as sy kontant vir die maand skraps raak. Ongelukkig is die fasiliteit tans net vir elektrisiteit beskikbaar maar ander debiete (water en huishuur of- paaiemente) kan hierby betrek word deur te weier om verdere elektrisiteit te voorsien as ander debiete agterstallig raak. So 'n reg sal in die diensleweringsooreenkoms vervat moet word om dit af te dwing. Konvensionele metodes sal nog steeds ten opsigte van die vordering van enige ander agterstallige debiete gebruik moet word.

## 3. VORMING VAN BETAALGROEPE

Die gedagte is gebaseer op die bekende stokvel, 'n gebruik wat lank reeds in swart gemeenskappe gevestig is, met die hoofdoelwit om verbruikers in tye van nood, te ondersteun. 'n Moontlike metode is om verbruikers in 'n spesifieke gebied of sone te groepeer en dan elke maand 50c of 'n ander bedrag ekstra op hul rekeninge te hef of deur 'n sent of wat ekstra per eenheid, wat deur 'n vooruitbetaalde meter verkoop word, te hef. Die ekstra'tjie word dan in 'n afsonderlike rekening gepoel waaroor die sone-komitee beheer het en op hul aanbeveling en magtiging aangewend om 'n verbruiker wat finansiële probleme het, te help. Dit word voorsien om nie kontant te vorder of uit te betaal nie maar om bedrae, met die nodige magtiging, deur middel van rekeningkundige inskrywings tussen rekeninge oor te plaas. Indien moontlik, maar dit moet nog verder ondersoek word, kan apart boekgehou word van elke verbruiker se "aandeel" in die poelrekening.

Word 'n verbruiker in 'n betrokke maand gehelp kan sy rekening met die bedrag gedebiteer word (waarvoor afbetaal-reëlings getref kan word) of, as daar van vooruitbetaalde meters gebruik gemaak word, kan die betrokke verbruiker se meter met die hulpverleningsbedrag gekodifiseer word wat dan weer deur sy aankoop van elektrisiteit gedelg word en aan die poelrekening terugbetaal word.

Hierdie metode het die voordeel dat dit nie gesigloos is nie, deurdat daar oor probleme gekommunikeer word.

**STADSTESOURIER**

(L:SKULD94)